

Afrikaans is Groot Liedjebank-inisiatief

Waarom hierdie inisiatief?

1. Om alle komponiste/liedjieskrywers aan te moedig om musiek te skep wat finansiële beloning teweeg sal bring.
2. Die musiekbedryf het 'n platform nodig waar opkomende skrywers geïdentifiseer kan word.
3. Om volhoubaarheid in die Afrikaanse musiekbedryf te voorsien.
4. Om uiteindelik 'n bedryf te stimuleer wat positiewe groei tot gevolg sal hê.

Hoe dit werk:

Enige liedjieskrywers, hetsy professioneel of amateur, word genooi om nuwe liedjies in demo-formaat met lirieke, op ons webwerf se Liedjebank-databasis in te dien. Hierdie liedjies sal aan al ons kunstenaars en sub-platemaatskappye vir oorweging voorgelê word. As 'n liedjie aanvaar word, sal die skrywer(s) 'n plasingsfooie ontvang en die liedjie word outomaties ingeskryf vir 'n kans om R100,000 te wen as mees suksesvolle liedjie van die seisoen (gebaseer op kriteria soos hieronder uiteengesit).

Indiening:

1. Liedjies kan vanaf Maart 2018 tot 31 September 2018 ingedien word.
2. Die volgende jaar se liedjieskryf-seisoen open wanneer die mees suksesvolle liedjie vir die vorige seisoen aangekondig is.
3. Coleske Artists behou die reg om indiening-spertye uit te stel en om inskrywingsfooie te verhoog, of verlaag vir spesiale promosies, of vir spesifieke inskrywingsperiodes/spertye.
4. Inskrywings in Liedjebank behels toestemming tot die gebruik van wenners se name, gelykenisse, opnames, video's en stemme en/of fotos vir promosionele- en publisiteitsdoeleindes op die Liedjebank-webwerf, asook op derdeparty webwerwe en in publisiteits- en bemerkingsmateriaal en mediaverklarings. Hierdie toestemming kan enige tyd deur die inskrywer teruggetrek word, deur middel van 'n skriftelike versoek.
5. Coleske Artists behou die reg om enige inisiatief se datums te verleng ten einde 'n kompeterende poel van inskrywings te verseker, mits die verlengingsperiode nie 12 maande oorskry nie.

Lewering:

1. Demo-liedjies moet in MP3-formaat gelewer word.
2. Lirieke met volledige erkenning aan die skrywers moet die indiening as 'n dokument vergesel, of op die inskrywingsvorm aangebring word.
3. In die geval van meer as een skrywer, moet 'n hoofskrywer aangewys word.
4. Liedjies mag meer as een mede-skrywer hê. Alle mede-skrywers se name moet op die inskrywingsvorm aangebring word en moet met 'n vorentoe-skuinsstreep en spasie geskei

word (bv. eerste skrywer / tweede skrywer / derde skrywer) om te verseker dat die name korrek op sertifikate aangebring word.

5. Daar is geen beperking op die aantal liedjies wat 'n komponis mag inskryf nie.
6. Komponiste moet klankdokumente en skakels noukeurig nagaan voordat dit ingedien word. Dit is die indiener se verantwoordelikheid om seker te maak dat alle opnames en dokumente korrek oopmaak en speel voordat dit ingedien word.

Aankondiging van mees suksesvolle liedjie:

1. Die mees suksesvolle liedjies van 2018 sal in Maart 2019 aangekondig word.
2. Wenners sal per e-pos of telefonies in kennis gestel word. Wenners mag gevra word om 'n beëdigde verklaring af te lê wat bevestig dat die wenner se liedjie sy/haar oorspronklike werk is en dat hy/sy die regte op die liedjie het. Regte in die verband verwys na kopiereg en morele regte wat kleef aan onder andere, outeursreg in die oorspronklike werke. As 'n wenner versuim om dié dokument te teken en teen die gegewe spertyd in te dien, of valse inligting indien, mag dit lei tot diskwalifisering en 'n nuwe wenner sal aangewys word. In samehang met wat hieronder gestel word, indien daar enige eise van enige derdepartye geloods word met eise op die kopiereg, melodie of enige ander eise van 'n gelyksoortige aard sal die liedjie onmiddelik onttrek word en die persoon wat die liedjie ingedien het indennifiseer vir Coleske Artists teen enige skade en verliese wat hierdeur gely kan word.
3. Coleske Artists is nie verantwoordelik vir die uitbetaling van enige wenner se belasting nie. Pryse sal binne 'n redelike tyd uitgestuur word en Coleske Artists sal alles in hulle vermoë doen om pryse op 'n tydige wyse uit te stuur.
4. Liedjieskrywers kom ooreen dat, sou hulle liedjie(s) as wenner aangekondig word, Coleske Artists die reg behou om daardie liedjie(s) op 'n versameling-CD in te sluit vir kommersiële verkope.

'n Liedjie:

1. Moet lirieke en 'n melodie, in die struktuur van 'n kommersiële liedjie, bevat.
2. Alle inskrywings moet oorspronklike liedjies wees en mag nie in stryd wees met enige kopieregte of enige ander regte van enige derdepartye nie. Liedjies mag meer as een mede-skrywer hê, maar slegs een naam kan as inskrywer op die inskrywingsvorm aangebring word. Deur in te skryf, vrywaar deelnemers Coleske Artists van en teen enige eise strydig met die voorafgaande.
3. Moet nuwe komposisies wees wat nog nie op enige albums gebruik is, opgeneem is deur enige kommersiële kunstenaars, of aan enige derdepartye verkoop is nie.
4. Engelse liedjies mag ingedien word en sal oorweeg word vir plasing, maar sal nie in aanmerking kom vir hierdie inisiatief nie.
5. Enige genre musiek sal aanvaar word.

Wanneer jy inskryf, kom jy ooreen dat:

1. Die liedjie wat jy ingeskryf het, deur Coleske Artists gepubliseer sal word (komponiste sal alle regte as eienaar van alle ingediende liedjies behou). Coleske Artists sal geen eienaarsregte tot enige liedjies ingedien, hê nie.

2. Die liedjie **wat jy ingedien het**, moontlik op 'n Coleske Artists-produk gebruik mag word.
3. Coleske Artists die eerste reg van gebruik het,
4. Sou 'n liedjieskrywer met 'n uitgewer geteken word, die skrywer 'n mede-ondertekende goedkeuring vir die eerste reg van gebruik sal voorsien.
5. Inskrywers volle eienaarskap van liedjies en alle kopieregte tot alle liedjies ingedien, behou. Inskrywing tot hierdie inisiatief beïnvloed geensins die eienaarskap van skrywers se liedjies nie.

Die mees suksesvolle inskrywing sal deur Coleske Artists in hul uitsluitlike diskresie bepaal word volgens:

- Album verkope
- Digitale verkope
- Aantal kere op YouTube gekyk
- Aantal kere op Facebook gekyk
- Radio speelyd
- Ens.

Met die indiening van 'n liedjie, aanvaar inskrywers en/of hulle ouers, of wettige voogde (indien so 'n inskrywer minderjarig is) die besluite van Coleske Artists, wat finaal en bindend is in alle sake. Inskrywers aanvaar alle voorwaardes van hierdie amptelike Liedjiesbank-reëls en regulasies soos hierin saamgevat.

Minderjarige komponiste:

Coleske Artists is oop vir alle amateur en professionele liedjieskrywers, ongeag hul nasionaliteit of afkoms. Inskrywers onder die ouderdom van 18 se inskrywings moet deur 'n ouer of voog geteken wees.

Pryse:

1. Die skrywer van die mees suksesvolle liedjie sal 'n prys ter waarde van R100,000 (een honderd duisend rand) ontvang.
2. Die skrywer van die tweede mees suksesvolle liedjie sal 'n prys ter waarde van R50,000 (vyftig duisend rand) ontvang.
3. Die skrywer van die derde mees suksesvolle liedjie sal 'n prys ter waarde van R25,000 (vyf en twintig duisend rand) ontvang.
4. 'n R5,000 (vyf duisend rand) plasingsfooie sal uitbetaal word aan enigeen wie se liedjie geplaas word.

Geen pryse mag oorgedra word nie en alle pryse sal aan die naam, soos wat dit op die inskrywingsvorm verskyn, toegeken word. In die geval van mede-skrywers is die gelyke en regverdigte verdeling van prysgeld onder skrywers, die skrywers se verantwoordelikheid. Die verantwoordelikheid van die uitvoering en lewering van pryse berus by die betrokke vennote en borge en Coleske Artists sal nie deelneem aan geskille wat hieruit voortspruit nie.

Dit is die verantwoordelikheid van die inskrywer om die korrekte kontakbesonderhede te gee en om seker te maak dat hy/sy e-posse van die inisiatief kan ontvang. Pryse en e-posse sal na die adresse gestuur word soos op inskrywings aangebring. Indien deelnemers vanweë verkeerd

inligting wat verskaf is nie pryse, kennisgewings, of e-posse ontvang nie, of omdat hulle versuim het om in hul pespos-lêer te kyk, of omdat hul e-pos-rekening sy limiet bereik het, of omdat hulle 'n pespos-blokkeerstelsel het wat verifikasie van versenders verlang, of omdat hulle versuim om e-posse te lees, of vir enige ander rede, sal Coleske Artists geen verantwoordelikheid of aanspreeklikheid aanvaar nie.

Coleske Artists se besluite is finaal en bindend en inskrywers kom met inskrywing ooreen dat hulle die beoordelaars se besluite aanvaar.

Wanneer jy jou inskrywing indien, aanvaar jy al die bepalings en voorwaardes.